


FREQUENTLY ASKED QUESTIONS

UPDATED
AUG 2024

# TWO-POT RETIREMENT SYSTEM

AFRIKAANS

national treasury

Department:
National Treasury
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# WAT IS DIE TWEEPOT-AFTREESTELSEL?

Die tweepot-aftreestelsel is 'n hervorming wat aftreefondslede in staat sal stel om voor aftrede gedeeltelike onttrekkings uit hul aftreefondse te maak terwyl 'n gedeelte bewaar word. Toegang tot hierdie gedeelte kan slegs by aftrede verkry word om te help om aftree-uitkomste te verbeter. Dit beteken dat lede nie hoef te bedank om toegang tot 'n deel van hul aftreevoordeel te kry as hulle in finansiële nood is nie. Hierdie hervorming tree op 1 September 2024 in werking.

# VIR WIE IS DIT BEDOEL?

Die nuwe stelsel sal op alle aktiewe aftreefondslede in beide privaat- en openbare sektor fondse van toepassing wees, behalwe ou generasie- of voorafbestaande uittredingsannuïteitspolisse of -fondse wat geen aktiewe deelnemende lede het nie (soos fondse in likwidasie, begunstigde fondse, geslote fondse of dormante fondse). Pensioenarisse en lede van voorsorgfondse wat op 1 Maart 2021 55 jaar of ouer was en nie gekies het om deel van die tweepot-stelsel te wees nie sal ook uitgesluit word.

# WAAROM DIE TWEEPOT-STELSEL?

Hierdie stelsel is bedoel om langtermynspaar vir aftrede te ondersteun terwyl dit buigsaamheid bied om fondslede wat in finansiële nood is te help. Aftreefondse is in baie gevalle die enigste spaargeld wat fondslede het. Ingevolge die huidige stelsel bedank sommige lede om toegang tot hul aftreefonds-spaargeld te kry om skuld te delg wat nadelig is uit 'n ekonomiese, finansiële beplannings- en aftreevoorsieningoogpunt. Die tweepot-stelsel is bedoel om fondslede by te staan in tye van finansiële moeilike deur toegang tot die spaarkomponent voor aftrede toe te laat. Dit is raadsaam dat lede die spaarkomponent spaarsaam gebruik en slegs wanneer daar 'n ernstige behoefte is. Dit is belangrik om daarop te let dat dit ook 'n gedeelde van die spaargeld bewaar om slegs vir aftrede gebruik te word.

# HOE GAAN DIT WERK?

Die hervorming skep 'n spaarkomponent, 'n uittre-ekomponent en 'n gevestigde komponent. Vanaf die implementeringsdatum kan slegs die spaarkomponent en uittreekomponent aftreebydraes ontvang. Aftree-voordele wat voor die implementeringsdatum deur die lid opgehoop is sal in die gevestigde komponent bewaar word. Beleggingsgroei sal steeds aan hierdie komponent gekrediteer word.

Aftreefondsbydraes sal vanaf 1 September 2024 deur jou aftreefonds verdeel word in 'n spaarkomponent en 'n uittreekomponent. Een derde van die totale bydraes sal na die spaarkomponent gaan en twee derdes van die totale bydraes sal na die uittreekomponent gaan.

As persoon A se aftreebydrae byvoorbeeld R900 per maand in September 2024 is sal R300 na die spaarkomponent gaan en R600 na die uittreekomponent. Uit hierdie voorbeeld kan persoon A R3 600 oor 'n 12-maande-tydperk in die spaarkomponent ophoop. Persoon A sal enige bedrag uit die spaarkomponent kan onttrek mits die onttrekking meer as R2 000 is en hulle nie in die huidige 12 maande 'n onttrekking gemaak het nie. Dit is nie nodig om elke jaar 'n onttrekking uit die spaarkomponent te maak nie. Bedrae in díe rekening sal steeds in toekomstige jare beskikbaar wees vir onttrekking en sal baat by belastingvrye groei binne die rekening totdat 'n onttrekking gemaak word.

The savings component will be accessible at any time, Die spaarkomponent sal te alle tye toeganklik wees, maar onttrekkings moet 'n minimum van R2 000 wees en slegs een onttrekking kan in 'n 12-maande-tydperk

(belastingjaar) gemaak word. Onttrekkings sal teen die individu se marginale belastingkoers belas word. Daar is geen maksimum onttrekkingslimiet op die spaarkomponent nie.

Toegang tot die uittreekomponent kan nie by bedanking verkry word nie. Dit kan slegs by aftrede verkry word. Wat beteken dat dit bewaar sal word tot aftrede. Afleggingsgevalle sal in 'n ander fase van hierdie hervormingsproses hanteer word.

Die aftreewaarde wat teen 31 Augustus 2024 opgehoop is waarna verwys word as die gevestigde komponent sal nie verdere bydraes ontvang nie, maar sal deur die aftreefonds belê bly. Indien jy in die toekoms sou bedank word jou huidige reg (gevestigde reg) om toegang tot hierdie komponent te verkry of om dit na 'n bewaringsfonds te laat oordra gehandhaaf.

## SAL DIE BEDRAG WAT AAN DIE GEVESTIGDE KOMPONENT TOE-GEWYS WORD MET RENTE GROEI?

Ja, die gevestigde komponent sal met fondsopbrengs gekrediteer word. Daar sal eenvoudig nie bykomende ledebydraes tot hierdie komponent wees nie.

## SAL DAAR ONMIDDELLIKE TOEGANG WEES (AANVANG-SKAPITAAL)?

Op 31 Augustus 2024 sal 10% óf R30 000, wat ook al die laagste is, uit die waarde van jou fonds aan die spaarkomponent toegewys word. Dit word aanvangskapitaal genoem. Dit sal 'n eenmalige oordrag by die aanvang van die tweepot-stelsel wees en sal nie in die volgende jare herhaal word nie.

> Indien jy byvoorbeeld op 31 Augustus 2024 'n fondswaarde van R200 000 het sal die aanvangskapitaal R20 000 wees (dit is 10% van R200 000).
>
> Indien 'n ander lid 'n fondswaarde van R750 000 in die gevestigde komponent het sal die aanvangskapitaal R30 000 wees aangesien 10% van R750 000 die perk van R30 000 oorskry. Ten spyte daarvan dat R75 000 10% van R750 000 is sal híerdie bedrag tot R30 000 beperk wees

## SAL LEDE HUL ONTTREKKINGS ONMIDDELLIK OP 1 SEPTEMBER ONTVANG?

Dit is onwaarskynlik dat fondse onmiddellik onttrekkingseise sal kan uitbetaal wanneer die tweepot-aftreestelsel op 1 September in werking tree. Die nuwe tweepot-stelsel sal op híerdie datum in werking tree, maar verskeie stappe moet eers geïmplementeer word. Die berekening van aanvangskapitaal wat die aanvanklike bedrag wat aan die spaarkomponent toegewys moet word bepaal, sal uitgevoer word deur gebruik te maak van die waardes aan die einde van Augustus. Fondse sal ook die onttrekkingseise moet ontvang, verifieer en verwerk.

Fondse moet ook voor die implementering van die nuwe stelsel hul reëls wysig en dit deur die Gedragsowerheid vir die Finansiële Sektor laat goedkeur. Daarby moet nuwe stelsels in plek wees

om voorsiening te maak vir sodanige jaarlikse onttrekkings vanuit beide 'n fonds en Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SAID) perspektief.

## GAAN DIE 10% ÓF R30 000 JAARLIKS VAN TOEPASSING WEES?

Nee. Die 10% tot R30 000 is nie 'n jaarlikse maksimum onttrekkingsbedrag nie, maar 'n eenmalige bedrag wat van die gevestigde komponent na die spaarkomponent oorgedra sal word.

## GAAN DIE FONDSLID DIE GELD VERLOOR INDIEN 'N ONTTREKKING NIE GEMAAK WORD NIE?

Nee. Indien 'n fondslid kies om nie 'n onttrekking uit die spaarkomponent te maak nie sal die komponent aanhou groei. 'n Onttrekking van enige bedrag kan gemaak word wanneer die lid kies om dit te doen. Die spaarkomponent kan ook onaangeraak gelaat word tot aftrede waar 'n enkelbedrag in kontant onttrek kan word.

## IS DAAR 'N MAKSIMUM ONTTREKKINGS-BEDRAG OF -LIMIET?

Nee. Enige bedrag kan uit die spaarkomponent onttrek word, maar nie minder as R2 000 nie. Onttrekkings word een maal per belastingjaar toegelaat en is belasbaar gebaseer op die lid se marginale belastingkoers.

## WAT IS DIE PROSES VIR 'N ONTTREKKINGSEIS?

Aftreefondslede moet direk by hul fonds aansoek of navraag doen oor die onttrekkingsproses.

## WAT GEBEUR WANNEER 'N LID UIT HUL WERK BEDANK?

Die ou reëls sal geld vir aftreespaargeld wat voor 1 September 2024 opgehoop is. 'n Lid het steeds volle toegang tot opgehoopte aftreespaargeld (wat in die gevestigde komponent sal wees) wanneer hulle bedank. Dit kan óf as kontant onttrek word (onderhewig aan belasting) óf na 'n ander aftreefonds oorgedra word. 'n Lid sal ook steeds ná bedanking toegang hê tot die bedrag wat in die spaarkomponent is. Die uittreekomponent is nie toeganklik wanneer 'n lid bedank nie.

## WAT GEBEUR IN DIE GEVAL VAN 'N EGSKEIDING?

Daar sal voortgegaan word met die toepassing van egskeidingsbevele teen 'n lid se totale aftreespaargeld. Dit beteken dat die egskeidingsbevel eis proporsioneel oor al die komponente wat 'n lid het bewerkstellig sal word. Dit is van kritieke belang dat die fonds in kennis gestel word as die egskeidingsproses begin is.

## SAL DIE SPAAR-KOMPONENT RENTE VERDIEN?

Ja, die geld in die spaarkomponent sal 'n fondsopbrengs verdien afhangende van hoe lank dit belê word.

# WAT IS DIE UITWERKING OP VOORSORG-FONDSLEDE WAT OP 1 MAART 2021 55 JAAR OF OUER WAS?

Hierdie lede sal nie outomaties by die tweepot-stelsel ingesluit word nie, maar hulle kan kies om deel te neem as hulle sou wou. Hulle kan dit doen deur by hul voorsorgfonds aansoek te doen. As hulle sou kies om deel van die tweepot-stelsel te wees kan hulle nie hul besluit herroep nie.

# WAAR SAL DIE AANVANGSKAPITAAL VANDAAN KOM VIR VOORSORG-FONDSLEDE WAT IN 2021 JONGER AS 55 JAAR OUD WAS?

Die aanvangskapitaal vir voorsorgfondslede wat op 1 Maart 2021 jonger as 55 jaar was sal proporsioneel uit die pot wat in 2021 gevestig is en die nie-gevestigde pot geneem word.

# WAT IS VOLGENDE IN DIE PROSES?

Noudat die President die twee wetsontwerpe (die Wysigingswetsontwerp op Pensioenfondse en die Wysigingswetsontwerp op Inkomstewette) onderteken het moet aftreefondse by die Gedragsowerheid vir die Finansiële Sektor aansoek doen vir reëlwysigings en hul stelsels verander om die tweepot-regime vanaf 1 September 2024 te implementeer. Fondse sal ook met hul lede kommunikeer oor hoe spaargeld onttrekkingseise geprosesseer sal word.

# WAT MOET JY DOEN?

1. Maak asseblief seker dat jou aftreefonds jou korrekte kontakbesonderhede het. Dit is belangrik sodat hulle jou kan kontak oor die hervorming.
2. Wees op die uitkyk vir kommunikasie vanaf jou aftreefondsadministrateur of die trustees van die fonds aangesien hulle met lede moet kommunikeer oor die implementering van die hervorming.
3. Oorweeg jou opsies sorgvuldig en vra raad by 'n geakkrediteerde finansiële adviseur.
4. Identifiseer jou langtermyn-spaardoelwitte en beplan vir jou toekoms en probeer om soveel as wat jy kan te spaar wanneer jy kan. Onvoorsiene gebeurtenisse kan beteken dat jy die plan moet aanpas, maar begin met 'n plan. Jy sal meer buigsaamheid as ooit tevore hê, maar dit gaan gepaard met die verantwoordelikheid om jouself nou en vir die toekoms te beskerm.
5. Indien jy 'n voorsorgfondslid is wat op 1 Maart 2021 ouer as 55 was het jy die opsie om jou bydraes te struktureer om die tweepot-ontwerp te volg.
6. Indien jy oor 'n paar jaar tot jou aftreefonds bygedra het kan jy by implementering toegang hê tot 'n onttrekking uit die aanvangskapitaal. Moenie oorhaastige besluite neem om 'n onttrekking te maak nie. Dit mag dalk aanloklik wees om so gou as moontlik 'n onttrekking te maak, maar hou in gedagte dat jy die bedrag wat getrek is plus alle rente op daardie bedrag in aftrede sal prysgee. As jy wag tot aftrede om geld uit die spaarkomponent te onttrek sal dit ook minder belasbaar wees.
7. Oorweeg of jy eerder fondse van jou spaarkomponent na jou uittreekomponent wil oordra.
8. 8. Moenie enigiemand toelaat om druk op jou uit te oefen om enigiets te doen wat nie in jou belang is nie. Alhoewel dit goed is om mense te

help wanneer jy kan, het jy hard gewerk om vir aftrede te spaar en hoe langer dit belê bly hoe beter.

9. Indien jy hulp nodig het, maar nie weet waar om te begin nie, kontak jou aftreefonds.

# WAAR KAN JY MEER INLIGTING KRY

